HOËRSKOOL BEN VILJOEN

80 jaar

ONS WERK - ONS EER

1947 - 2027

Meer as net 'n skool -
'N ERFENIS

Graad 8

INLIGTINGSBOEKIE

WELKOM BY DIE DALLERFAMILIE

LIEWE BEN VILJOEN OUER

Baie welkom by die Ben Viljoen-familie. Mag die pad wat u saam met u kind in 2027 begin stap vir u en u gesin vol vreugde wees.

By ons vorm leerders, personeel en ouers saam die unieke hartklop van die skool. Akademie is die hoeksteen van ons skool, en ons streef daarna om elke leerder se belangstellings en behoeftes raak te sien en te ondersteun. Dit is eweneens belangrik dat elke graad 8-leerder tuis sal voel, nuwe vriende maak en gou by die Ben Viljoen-ritme inskakel.

Ons moedig elke leerder aan om by skoolaktiwiteite betrokke te raak, al is dit aanvanklik net as ondersteuner. Só leer hulle hul medeleerders en die skool beter ken en ontwikkel hulle 'n ware gevoel van behoort. By Ben Viljoen skep ons geleenthede vir deelname, groei en pret. Ons leer ons kinders om uit teleurstellings te leer, uitdagings met moed aan te pak en sukses met nederigheid te vier.

Ons vertrou dat die graad 8's van 2027 hul hoërskoolreis met visie en entoesiasme sal aanpak, hier sal groei en ontwikkel en in 2031 hul skoolloopbaan op 'n hoogtepunt sal afsluit.

Hoewel hoërskoolleerders reeds 'n tree nader aan volwassenheid is, bly ouers 'n onmisbare deel van die skoolgemeenskap en alles wat ons aanpak. Ons bedank u by voorbaat vir u positiewe betrokkenheid en ondersteuning. Moedig u kind aan om toenemend verantwoordelikheid te aanvaar, maar bly steeds betrokke. As ouers en opvoeders moet ons hande vat om elke kind op die pad na volwassenheid te begelei.

Lees hierdie inligtingsboekie asseblief noukeurig saam met u kind deur sodat u op hoogte is van alles wat gedurende die eerste kwartaal by die skool plaasvind. Let veral daarop dat graad 8-uiltjies alle tuisbyeenkomste gedurende die jaar moet bywoon.

Ons glo dat u en u kind se reis saam met Hoërskool Ben Viljoen gevul sal wees met opwinding, avontuur, nuwe vriendskappe en interessante uitdagings. Mag hulle hul grense verskuif, nuwe horisonne verken en hul volle potensiaal ontdek binne die veilige en geborge raamwerk van integriteit, lojaliteit, respek, verantwoordelikheid en omgee.



ONS SKOOLLIED












Die stroompie uit 'n verre tyd
het berg en hoogland oopgesplyt
en breed blink nou 'n wye stroom
deur bosse waar die stiltes droom.

Die droom het hier 'n daad geword
wat sterk oor wal en sluise stort
die water sing wat nou hier vloei
laat landery' en boorde bloei

Ons wat die groter toekoms erf
ploeg dieper los bind groot die gerf
ontbos die berg en grawe wyd
kanale van die nuwe tyd

We are the future of our school
We plough, we sow, provide the fuel
for strength, success and honest trust
together, a future true and just

Kom maat en vriend kom vat my
hand
ons dien een volk een vaderland
en is ons werk ons eer
wen ons die oes wat ons begeer.











LIEWE UILTJIE VAN 2027

BAIE GELUK MET JOU BESLUIT OM BY DIE BEN VILJOEN-FAMILIE AAN TE SLUIT.
JY GAAN NIE SPYT WEES OOR JOU KEUSE NIE...
ONS IS 'N WENSPAN IN GROEN EN GOUD!

Alle graad 8-leerders van Hoërskool Ben Viljoen staan as Uiltjies bekend. **Uiltjies sal reeds vanaf die eerste skooldag van 2027 om die beurt hulle formele skooldrag met addisionele items dra**. Hierdie bykomstighede sal aan hulle gekommunikeer word. Die **VERPLIGTE** verwelkomingspakket beloop **R380** en sluit alle graad 8 fooie in.

Graad 8-fooi:
Die verpligte graad 8-fooi van R380 sluit in:

- Kampfooi
- Uiltjiehoedjie
- Uiltjiekouse
- Graad 8-beffie

Kleredrag:
Elke Dag: Formele Skooldrag met Graad 8-beffie en bykomstighede

Eerste Dag (Dinsdag, 12 Januarie 2027):
Alle Graad 8-leerders moet asseblief op 12 Januarie, voordat die skool amptelik op 13 Januarie heropen, vanaf 07:00 tot 13:00 by die skool wees. Tydens hierdie verwelkoming sal leerders voorgestel word aan al die onderwysers en UR-lede. Hulle sal ook hulle skrifte en handboeke ontvang.

Graad 8-kamp:
Die Uiltjies se Graad 8-kamp sal plaasvind na afloop van die Interhuis Swemgala op 15 Januarie en duur tot Saterdag, 16 Januarie om 07:00. Daar sal ook 'n sonopkomsdiens wees wat deur die ouers bygewoon mag word.

Graad 8-konsert:
Daar sal 'n Graad 8-konsert wees waaraan ons die eerste paar weke hard oefen. Hierdie konsert word dan opgevoer vir die skool en publiek. Alle Uiltjies is verplig om aan hierdie konsert, wat op, onderskeidelik, 16 Februarie en 18 Februarie vir die publiek plaasvind, deel te neem. Die kleedrepetisie vir hierdie konsert sal op 15 Februarie plaasvind.

Graad 8-Klokluiseremonie:
Die Graad 8- kloklui- en baadjieseremonie vind na afloop van die Graad 8-konsert op 18 Februarie plaas. Skoolbaadjies (Blazers) is verpligtend vir alle Graad 8-leerders.

WAT KAN JY AS GRAAD 8 VERWAG?

'N NUWE HOOFSTUK. NUWE GELEENTHEDE. NUWE DROME. 'N NUWE JY!

Graad 8 is die begin van 'n opwindende avontuur waarin jy nuwe dinge ontdek, jou grense verskuif, vriendskappe bou en leer om in jouself te glo. Hier kry jy die kans om jou talente te ontwikkel, jou drome na te jaag en deel te word van 'n skool met 'n besonderse tradisie wat oor die afgelope 80-jaar strek en bekend is vir ons Dallerhart.

Hier is wat op jou wag:

- **'n Vars perspektief en nuwe uitdagings!** Hoërskool is 'n splinternuwe ervaring met nuwe vakke, nuwe verantwoordelikhede en nuwe geleenthede. Wees nuuskierig, vra vrae, probeer nuwe dinge en ontdek waartoe jy werklik in staat is.
- **Vriendskappe wat 'n leeftyd kan hou!** Almal begin iewers, en elke graad 8-leerder is besig om sy of haar voete te vind. Moenie wag dat iemand anders eerste hallo sê nie. Stel jouself voor, glimlag en wees vriendelik. Die persoon langs jou kan dalk jou beste vriend of vriendin vir die volgende vyf jaar word!
- **Drome wat rigting gee aan jou toekoms!** Begin vandag reeds droom oor môre. Ontdek jou belangstellings, ontwikkel jou vaardighede en stel vir jouself doelwitte. Elke besluit, elke les en elke uitdaging help jou om die mens te word wat jy graag wil wees. Die toekoms is vol moontlikhede, en jy het die geleentheid om 'n verskil te maak.
- **Geleenthede om te groei en sukses te behaal!** Of jy nou op die sportveld, op die verhoog, in die klaskamer of agter die skerms uitblink, daar is 'n plek waar jy jou talente kan uitleef. Sukses beteken nie noodwendig net om eerste te kom nie – dit beteken om jou beste te gee, uit jou foute te leer, aan te hou probeer en al die klein oorwinnings te vier.
- **Betrokkenheid wat jou deel van iets groter maak!** Moenie net 'n toeskouer wees nie – wees deel van die aksie! Raak betrokke by sport, kultuur, akademie en skoolaktiwiteite. Ondersteun jou vriende, wys jou Dallertrots en dra by tot 'n positiewe skoolomgewing. Onthou: elke leerder maak 'n verskil, en saam vorm ons één skool, één familie en één hartklop!
- **Verantwoordelikheid en onafhanklikheid!** Hoërskool leer jou om self besluite te neem, jou tyd verstandig te bestuur en verantwoordelikheid vir jou optrede te aanvaar. Jy gaan nie altyd alles dadelik regkry nie, maar elke uitdaging bied 'n kans om te leer, sterker te word en met groter selfvertroue vorentoe te beweeg.
- **Die beste weergawe van JOUSELF!** Jy hoef nie iemand anders te probeer wees om hier in te pas nie. Wees trots op wie jy is, respekteer ander en wees bereid om elke dag iets nuuts te leer. Jou hoërskooljare is 'n geleentheid om jou karakter te bou, jou selfvertroue te versterk en jou volle potensiaal te ontdek.

JOU REIS. JOU GELEENTHEDE. JOU DALLERSTORIE!

GRAAD 8 RIGLYNE

Die oorgang van laerskool na hoërskool is die begin van 'n nuwe en opwindende hoofstuk. As 'n nuwe Daller word jy deel van 'n skool met sterk waardes en 'n trotse erfenis. Saam met hierdie voorreg kom daar ook verantwoordelikhede. Ons verwag dat elke Graad 8-leerder sal help om die Dallerkultuur uit te leef en ons leuse, **ONS WERK – ONS EER**, met trots uit te dra.

As Graad 8-leerder word daar van jou verwag om:

- **Respek te betoon:** Behandel alle onderwysers, personeel, UR-lede en senior leerders met respek, beleefdheid en waardigheid. Jou optrede en taalgebruik moet altyd van jou goeie maniere getuig.
- **Die skool se waardes uit te leef:** Onderskryf en respekteer Hoërskool Ben Viljoen se etos, tradisies, reëls en waardes. Wees trots daarop om deel van die Dallerfamilie te wees.
- **Die skool te leer ken:** Maak 'n doelbewuste poging om die skool se geskiedenis, tradisies, gebruike, roetines en verwagtinge te leer ken. Onthou dat jy nou deel is van 'n groter geheel.
- **Name te leer ken:** Leer die name van jou onderwysers, ander personeellede en UR-lede. Dit help jou om makliker in te skakel en dra by tot goeie verhoudings binne die skoolgemeenskap.
- **Aktief deel te neem:** Neem met entoesiasme deel aan die Graad 8-konsert, atletiek, die Graad 8-kamp en ander aktiwiteite wat vir jou graad aangebied word. Hierdie geleenthede help jou om nuwe vriende te maak, jou talente te ontdek en jou Dallerhart te ontwikkel.
- **Hulpvaardig te wees:** Bied jou hulp aan tydens skoolbyeenkomste en funksies, en werk saam met die UR-lede wanneer dit van jou verwag word. Wees bereid om jou deel te doen, al beteken dit dat jy soms agter die skerms moet help.
- **Die skool se naam hoog te hou:** Tree te alle tye verantwoordelik op en onthou dat jy 'n verteenwoordiger van Hoërskool Ben Viljoen is. Jou gedrag, woorde en besluite moet die skool se goeie naam beskerm en bevorder.
- **Met trots te ondersteun:** Wanneer jy sportbyeenkomste ondersteun, moet jy dit in die voorgeskrewe skooldrag doen. Ondersteun ons spanne positief, toon goeie sportmangees en respekteer spelers, afrigters, beamptes en teenstanders.
- **By die skoolroetine in te skakel:** Raak vertroud met die daaglikse skoolprogram en volg die voorgeskrewe reëls en prosedures. Wees betyds, georganiseerd en voorbereid, en luister na instruksies van personeel en UR-lede.
- **Netjies en korrek geklee te wees:** Die skool se netheids- en skooldragreëls geld nie net op die skoolterrein nie, maar ook wanneer jy die skool in die openbaar verteenwoordig. Jou voorkoms moet altyd netjies en volgens die skool se voorskrifte wees.
- **Jou plek te ken:** Onthou dat jy as Graad 8-leerder aan die begin van jou hoërskoolreis staan. Tree met nederigheid op, wees bereid om te leer en respekteer die skool se hiërargie. Vermy onnodige lawaai en ontwrigtende gedrag, en toon selfbeheersing in alle situasies.
- **Byeenkomste by te woon:** Woon alle tuisbyeenkomste by en neem deel aan die Interhoërsangspan wanneer dit van jou verwag word. Hierdie deelname is verpligtend en vorm deel van jou betrokkenheid by die skool se tradisies en gees.

ONS WAARDES

RESPEK - LOJALITEIT - INTEGRITEIT - OMGEE - VERANTWOORDELIKHEID

WAARDESISTEEM:

- Christelike en professionele onderwys
- Bevordering van akademiese prestasie en die skep van ‘n leerkultuur
- Handhawing van dissipline
- Effektiewe bestuur en leierskap
- Bevorderling van tradisies en kultuur
- Kweek van lojaliteit en respek teenoor die skool en medemense
- Gelykwaardige en menswaardige behandeling
- Aanwakker en bevordering van kreatiwiteit
- Die kweek van gesonde kompetisiegees
- Ontwikkeling van die totale leerling tot sy/haar maksimale potensiaal

ONS VISIE

Hoërskool Ben Viljoen is ’n parallelmedium opvoedkundige inrigting wat Christelike norme en hoë standaarde handhaaf. Onderrig vind plaas in Afrikaans en in Engels.

Dallers leef die skool se waardes in alles wat hulle aanpak uit. Hulle streef daarna om hulle talente te ontwikkel sodat hulle hulle regmatige plek in die samelewing kan inneem en ’n verskil in die wêreld kan maak.

ONS MISSIE:

Die missie van Hoërskool Ben Viljoen is om volgens ‘n bepaalde waardesisteem elke kind in sy/haar totaliteit met behulp van opvoedende Christelike onderrig tot ‘n gebalanseerde, verantwoordelike individu maksimaal te ontwikkel.

Met Dallerhart in my bors en Dallertrots in my are, leef ek elke dag die waardes en ideale van Hoërskool Ben Viljoen uit.

Ek is deel van ’n skool met ’n ryk geskiedenis, sterk tradisies en ’n duidelike visie vir die toekoms. Hier staan ons vir Christelike waardes, respek, lojaliteit, trots op ons taal en kultuur, en die strewe na uitnemendheid. Ons bou voort op die fondamente wat geslagte Dallers voor ons gelê het, terwyl ons met selfvertroue en vasberadenheid na die toekoms kyk.

Om ’n Daller te wees, is veel meer as net om ’n groen en goue skooluniform te dra. Dit beteken dat jy van jou eerste dag in graad 8 af deel word van ’n familie wat saamstaan, mekaar ondersteun en mekaar aanspoor om altyd jou beste te lewer.

Dallerwees is nie iets wat jy net tydens skoolure uitleef nie; dit is ’n lewenshouding wat jou optrede, jou keuses en jou gesindheid bepaal. Hoe langer jy deel van hierdie besonderse skoolgemeenskap is, hoe dieper groei jou verbondenheid en hoe sterker word jou Dallerhart.

Met Dallerhart in my bors, stap ek met trots en doelgerigtheid vorentoe. Ek weet dat my optrede nie net my eie naam verteenwoordig nie, maar ook dié van elke Daller wat voor my gekom het en dié wat ná my sal volg.

Ek kies om verantwoordelikheid te aanvaar, uitdagings met moed aan te pak en geleenthede met albei hande aan te gryp. Ek dra by tot ’n kultuur waar respek, spanwerk, deursettingsvermoë en uitnemendheid die standaard is.

Ek is ’n Daller. Ek ken my wortels, ek leef my waardes en ek bou saam aan my skool se toekoms. Want by Hoërskool Ben Viljoen is ons meer as net ’n skool – ons is ’n **FAMILIE**!

WWW.BENVILJOEN.CO.ZA 013 262 2061 BVADMIN@BENVILJOEN.CO.ZA @HS_BENVILJOEN

ALGEMENE INLIGTING

ALGEMENE SKOOLORGANISASIE

- Skool begin stiptelik om **06:55**
- Skool sluit Maandae-Donderdae om **13:30** en Vrydae om **13:00**
- Leerlinge tree elke oggend op die vierkant aan in hulle registerklasrye
- Saalopening vind op Maandae plaas
- Leerders het 3 minute om te wissel tussen periodes
- Leerders word nie gedurende pouse toegelaat op die stoepe, sportgronde of op die koshuisterrein nie

INDELING VAN KLEURSPANNE

Kleurspanne word ingedeel volgens graadgroepe. Vir 2027 is die Graad 8-groep se kleredrag ROOI tydens die onderskeie interhuis-byeenkomste.

BASIESE SKRYFBEHOEFTES

Ons beveel aan dat u wag tot die kwartaal 'n aanvang geneem het voordat u hierdie addisionele items aankoop. 'n Volledige skryfbehoefte lys sal aan die begin van die 2027-skooljaar vir die leerders uitgedeel word.

Skrifte word deur die skool voorsien. Daar mag addisionele skrifte benodig word wat deur u aangekoop moet word soos versoek per vak deur die onderwyser.

- Passerstel vir Wiskunde
- Casio FX 82ZA Plus Wetenskaplike Sakrekenaar
- 10/20/30 bladsy A4 "flip files" soos benodig (ongeveer 4-8)
- Dun plastiek tweegat voulêers soos benodig
- Glimpenne (Highlighters)

FOTO'S EN INLIGTING VAN LEERDERS SE PRESTASIES

Ons gee graag erkenning aan ons leerders wat presteer, binne- en veral buite skoolverband.

Ons vra dat ons ouers asseblief vir ons volledige inligting en foto's van goeie kwaliteit direk na **bvbemarking@benviljoen.co.za** stuur vir plasing op ons sosiale media.

KONSESSIES

Konsessie beloop R500 per jaar. Spesiale aansoek moet by die skoolkantoor gedoen word vir leerders wat konsessie benodig. Hierdie konsessies sluit slegs VSOFT in, geen scribe is hierby ingesluit nie. Dit is die ouers se eie verantwoordelikheid om 'n opgeleide scribe te kry en te betaal per sessie. Die scribe mag geen direkte familie wees nie - al die NSS-eksamenreëls geld.

Geen leerder word aanvaar sonder 'n bewys van betaling, teen die aanvang van Kwartaal 1 se toetsreeks, nie.

WIE IS MY VOOGONDERWYSER

GRAADVOOG



ME ELMA DE BEER
KAMER 13

VOOGONDERWYSERS



GRAAD 8A
ME SUNÉ VAN AARDT
KAMER 21



GRAAD 8B
ME HANNELIE ERASMUS
KAMER 13



GRAAD 8C
ME DELANIE KRUGER
KAMER 19



GRAAD 8D
MNR THINUS MARAIS
KAMER 38



GRAAD 8E
ME DOMINIQUE SMITH
KAMER 33

WAT BIED ONS JOU?

OP ONS TERREIN:

- Ben's Kafeteria
- Loskop Gimnasium
- Sentrum vir Berading en Remediëring
- Tennisklub
- Swemklub

BUSROETES:

Ons beskik tans oor twee busroetes wat op Vrydae-middae na skool vertrek om leerders af te laai en dan weer op Sondae-middae die kinders oplaai. Daar is addisionele kostes betrokke

Hierdie roete is:
Bus 1:
Groblersdal - Marble Hall - Roedtan - Potgietersrus - Naboomspruit

Bus 2:
Groblersdal - Stoffberg

KOSHUISE:

Die koshuise van Hoërskool Ben Viljoen is bekend vir die huislike atmosfeer en individuele aandag aan elke kind.

Die seuns- en dogterskoshuis kan elk 'n totaal van 75 leerders akkommodeer en bedien drie (3) maaltye per dag. Ons akkommodeer een leerder per kamer, behalwe vir graad 8-leerders wat soms met 'n ander graad 8-kamermaat moet deel.

Die koshuis is oop vanaf Maandae om 06:15 tot Vrydae om 13:00.

DAGKOSHUIS:

Die koshuis funksioneer ook as 'n dagkoshuis (Maandae-Donderdae).

Dagleerders wat van hierdie opsie gebruik maak word voorsien van 'n middagete en 'n lokaal waar huiswerk onder toesig gedoen word.

Die bedrag vir hierdie opsie beloop R1000 per maand hetsy die leerder al die dae van die week van die opsie gebruik maak al dan nie.

Die bedrag is eenmalig vooruitbetaalbaar teen die 1ste van elke maand. Bewys van betaling moet gelewer word en by betaling ontvang die leerling 'n dagkoshuis-toelatingskaartjie.

Geen oornaggeriewe vir dagleerders nie. Aansoekvorms vir die dagkoshuis is by die kantoor verkrygbaar.

VAKINLIGTING & AKADEMIE

By Hoërskool Ben Viljoen streef ons na akademiese uitnemendheid!

Sedert 2004 behaal ons Dallers 'n indrukwekkende gemiddelde slaagsyfer van 99,8%. Ongeveer twee derdes van ons matrikulante kies Wiskunde as vak, terwyl ons Wiskunde- en Wetenskapafdelings onder die bestes in Limpopo tel. Ons bied toegewyde ondersteuning aan Graad 8- en 9-leerders wat met Wiskunde sukkel, asook Tegniese vakke soos Meganiese en Elektriese Tegnologie. Daarby is ons een van die min openbare hoërskole in Limpopo wat Dramatiese Kunste en Visuele Kuns as vakke aanbied.

By Hoërskool Ben Viljoen ontwikkel ons elke leerder se potensiaal en bou ons aan 'n toekoms vol geleenthede.

GRAAD 8 & 9

- Afrikaans Huistaal
- Engels Eerste Addisionele Taal
- Wiskunde
- Natuurwetenskap
- Ekonomiese Bestuurswetenskappe
- Sosiale Wetenskap
- Tegnologie
- Lewensoriëntering
- Kuns & Kultuur

GRAAD 10 - 12

Verpligtend:

- Afrikaans Huistaal
- Engels Eerste Addisionele Taal
- Wiskunde/ Wiskunde Geletterdheid/ Tegniese Wiskunde
- Lewensoriëntering

Keusevakke:

- Lewenswetenskap
- Tegniese Wetenskap
- Fisiese Wetenskap
- Rekeningkunde
- Besigheidstudies
- Rekenaartoepassingstegnologie
- Inligtingstegnologie
- Toerisme
- Verbruikerstudies
- Ingenieurs Grafika en Ontwerp
- Visuele Kuns
- Dramatiese Kuns
- Meganiese Tegnologie
- Landbouwetenskap
- Elektriese Tegnologie
- Geografie

VAKINLIGTING & AKADEMIE

WAT IS DIE VERSKIL TUSSEN WISKUNDE, WISKUNDE GELETTERDHEID EN TEGNIESE WISKUNDE?

Wiskunde is 'n vereiste vak vir menige tersiêre studierigtings. Ouers en leerders moet wel besef dat nie almal wiskundig aangelê is nie, en dat daar vele beroepsmoontlikhede is vir leerders wat Tegniese Wiskunde of Wiskunde Geletterdheid as vak neem.

Verder is dit ook 'n feit dat leerders wat met Wiskunde sukkel en net-net aan die toelatingsvereistes voldoen, ook later op tersiêre vlak met wiskundige vakke sukkel. Leerders kan slegs Tegniese Wiskunde en Tegniese Wetenskap vat indien hulle die Tegniese rigting volg.

'n Slaagpunt in Wiskunde Geletterdheid of Tegniese Wiskunde is vir 'n leerder beter as 'n druippunt in Wiskunde wanneer keuring by universiteite gedoen word.

Leerders wat Wiskunde Geletterdheid of Tegniese Wiskunde neem, is net so suksesvol in hulle latere beroepe as hul kollegas wat Wiskunde as vak geneem het.

WISKUNDE

Wiskunde is 'n analitiese wetenskap wat gebruik word om risiko's of probleme met geformuleerde formules op te los of aan te spreek.

Sillabusinhoud:

Graad 8 en Graad 9:
Basiese reëls word aangeleer.

Graad 10:
Alle afdelings is nuut vir die leerders, onder andere trigonometrie, funksies (grafieke), analitiese meetkunde, euklidiese meetkunde, waarskynlikheid. Toepassing van kennis is dan baie belangrik.

Graad 11:
Al die bogenoemde afdelings word voortgesit. Dit is moeiliker en word in Graad 12 afgehandel.

Graad 12:
Nuwe en moeiliker afdelings word gedoen, onder andere: rye en reekse en calculus ens.

WISKUNDE GELETTERDHEID

Wiskunde Geletterdheid laat hom toe om op 'n praktiese en toegepaste benadering alledaagse probleme of uitdagings aan te spreek of op te los. Leerders word toegerus met kennis en ervaring - ongeag of die probleem te doen het met lewens- of werkverwante probleme - te kan hanteer. Die vermoë om probleme te identifiseer, reg te interpreteer en beskouings sinvol te verstaan, word aangeleer om suksesvolle vertolking te kan bewerkstellig.

Sillabusinhoud:

- Toetse, eksamens en take word gebruik om vaardighede te toets om lewenservaring te ontwikkel.
- Praktiesgerigte opdragte en take oor werk- en lewensituasies soos belasting, elektrisiteitsrekeninge, finansiële dokumente, omtrek en oppervlakte wat nodig is om verbeterings aan huise te bring, herleiding van meeteenhede ens.

TEGNIESE WISKUNDE

Tegniese Wiskunde gaan oor die wiskundekonsepte wat gebruik word in die tegniese wêreld. Dit werk nou saam met nasionale kollegevereistes en werk tot ekwivalent met N1-, N2- en N3- wiskunde by kolleges.

Sillabusinhoud

Tegniese wiskunde bevat meeste komponente en assessering soos gewone wiskunde, maar behandel nie statisiek en datahantering nie. Hierdie konsepte word vervang met radiale en hoekbewegings.

Vraestelle bestaan uit twee toetse/ eksamens:

Vraestel 1: Algebra, grafieke en finansies

Vraestel 2: Analitiese meetkunde, trigonometrie, euklidiese meetkunde, radiale en hoekbewegings.

VAKINLIGTING & AKADEMIE

WAT IS DIE VERSKIL TUSSEN FISIESE WETENSKAP EN TEGNIESE WETENSKAP?

Fisiese Wetenskap bestaan uit twee hoof afdelings nl. chemie en fisika. Albei afdelings word van graad 10-12 bestudeer.
Chemie: is die wetenskap van materie en die interaksie daarvan met energie.
Fisika: word ook "fundamentele wetenskap" genoem aangesien elkeen van die ander natuurwetenskappe te doen het met sekere soort materiële stelsels wat die wette van fisika gehoorsaam. Fisiese Wetenskappe as vak bevoordeel leerders op verskeie vlakke. Dit help met die APS-toelatingstelling, dit maak jou meer aanloklik vir werwers van universiteite en vir jou toekomstige werkgewers.

Die hoofdoel van **Tegniese Wetenskap** is om leerders te ondersteun in die drie fokusareas van tegnologie, naamlik: meganiese tegnologie, elektriese tegnologie en siviele tegnologie. Tegniese Wetenskap berei leerders voor vir toekomstige leer, gespesialiseerde leer, die beroepslewe, burgerskap, holistiese ontwikkeling en sosio-ekonomiese ontwikkeling. Leerders wat Tegniese Wetenskap as vak kies in graad 10-12 kan verbeterde toegang hê tot toegepaste tegnologiekursusse by VOO/FET kolleges, beroepsgerigte loopbaanrigtings en entrepeneurs-geleenthede. Tegniese Wetenskap bevorder ook vaardigheidsontwikkeling in die tegnologieveld en sal gevolglik bydra tot die land se ekonomiese groei en die sosiale welstand van meer mense in ons land.

FISIESE WETENSKAP

Sillabusinhoud:

- Die vak bevat die volgende onderwerpe:
- Meganika
- Golwe, klank en lig
- Elektrisiteit en Magnetisme
- Materie en materiale
- Chemiese verandering
- Chemiese stelsels

TEGNIESE WETENSKAP

Sillabusinhoud:

- Meganika
- Materie en materiale
- Elektrisiteit en magnetisme
- Golwe, klank en lig
- Warmte en termodinamika
- Chemiese veranderinge

SKOOLDRAG

SOMERSDRAG

vanaf die eerste Maandag in September tot die laaste Vrydag in April

DOGTERS



- Groen romp (ses baan). Lengte 14cm vanaf vloer in knielende posisie
- Wit kortmou skoolhemp(met sakwapen)
- Wit skoolsokkies
- Swart toerygskoene wat gepolitoer kan word sonder gespes en oormatige diksole
- Swart leerskoene met ‘n bandjie mag ook gedra word.
- Leerlinge kan grys ’Regular fit’ langbroeke of ‘n groen skoolromp dra met die skoolkleurbaadjie (blazer)

SEUNS



- Grys kortbroek
- Grys kortmou skoolhemp (met sakwapen) (gr.8-11)
- Grys kniekouse (met strepe)
- Swart skoene – toeryg, wat gepolitoer kan word sonder versierings
- **Geen suede skoene word toegelaat nie**

EXTREME CLOTHING
TEL: 079 952 3513

Skooldrag is by Extreme Clothing beskikbaar -
(1B Mark Straat, Groblersdal)

SKOOLDRAG

WINTERSDRAG

vanaf die eerste Maandag in Mei tot die laaste Vrydag in Augustus

DOGTERS



- **Blazers is verpligtend vir Graad 8-leerders**
- 'n Wit skoolhemp, skooldas met 'n groen skoolromp (ses baan), lang swart kouse (broekie kouse) of groen kniekouse met twee strepe of leerders kan ook 'n wit skoolhemp, skooldas met grys "Prefect" Langbroek "regular fit" (beskikbaar by Extreme Clothing) dra.
- Slegs grys kouse kan saam met 'n langbroek gedra word
- Skoolblazer verpligtend met 'n skooltrui en/of skooloortrektrui (Leerders mag nie net 'n skooltrui en/of oortrektrui dra nie)
- Skoolskoene soos voorgeskryf by somersdrag
- 'n Langbroek mag nie met slegs 'n skoolhemp gedra word nie
- Groen serp
- Geen langbroeke wat ingewerk is nie ("skinny fit")
- Geen mussies nie

SEUNS



- **Blazers is verpligtend vir Graad 8-leerders**
- Grys langbroek ('regular fit') met 'n grys hemp en 'n skooldas vir Gr.8-11.
- Skoolblazer verpligtend met 'n skooltrui en/of skooloortrektrui (Leerders mag nie net 'n skooltrui en/of oortrektrui dra nie)
- Grys kniekouse en skoolskoene soos genoem
- 'n Skoolblazer moet met 'n langbroek en das gedra word
- Geen langbroeke wat ingewerk is nie ("skinny fit") slegs "Prefect Regular Fit" langbroeke
- Geen mussies nie

EXTREME CLOTHING
TEL: 079 952 3513

Skooldrag is by Extreme Clothing beskikbaar -
(1B Mark Straat, Groblersdal)

ONTMOET ONS UITVOERENDE RAAD



MARNU HANCKE
HOOFSEUN



ANIKA PRUIS
HOOFDOGTER

AANSPREEKVORMS VIR DIE UITVOERENDE RAAD

Alle graad 8-leerders moet die Uitvoerende Raad aanspreek as **Jeneka Irma Vinante Brata** + *die UR-lid se van*(vir die dogters) en **Generaal Unus Corpus Victor** + *die UR-lid se van*(vir die seuns), en nie net die lede van die UR op hulle name noem nie.



CHRISTOFF VAN DER WALT
ONDERHOOFSEUN



VICTOR SHADUNG
ONDERHOOFSEUN



JAYDÉNE CLOETE
ONDERHOOFDOGTER



KAMO MALEBANA
ONDERHOOFDOGTER



PETER JACQUIRE
AKADEMIE



ELÉNE BOTES
AKADEMIE



KJ BRIEL
KULTUUR



BLESSING RATAU
KULTUUR

ONTMOET ONS UITVOERENDE RAAD



JUAN NIEMANN
SPORT



EDUNETTE KRIEL
SPORT




COSTA PAISSOPOULOS



DANIËLLE WESSELS



HENDRI BOUWER



KATINKA WESSELS



LEHANI BENADE



LIVEY VAN BLERK



BETTY MAGAELA



THATO MPHAHLELE



MARLI MULLER



MIANDI MARITZ

ONTMOET ONS UITVOERENDE RAAD



MONYA VAN NIEKERK



MOTLOTSWA THUTSE



NICKE BOTHA



SEBASTIAN VAN DER MERWE



SUNÉ LESSING



TENITA DA SILVA



BRIEFIEBLAD

Liewe Uiltjies

Baie welkom by die hoërskool! Ek hoop julle is reg vir een van die lekkerste avonture van julle lewe. Ek weet alles voel dalk nou nog bietjie vreemd en oorweldigend, maar glo my, julle gaan vinniger aanpas as wat julle dink!

Ek is Anika en julle hoofdogter.
Julle kan enige tyd na my toe kom as julle iets nodig het, raad soek of net met iemand wil praat. Moet nooit bang wees om te vra as julle met iets sukkel nie, ons is almal hier om mekaar te help!

My grootste raad aan julle is om alles te probeer! Moenie kanse mis omdat julle te bang is om iets nuuts te probeer nie. Neem deel, maak nuwe vriende, sê ja vir geleenthede en geniet elke oomblik. Julle weet nooit wat julle dalk gaan geniet as julle dit nie eers probeer nie!

Geniet julle Graad 8-jaar, want dit is regtig een van die lekkerste jare van die hoërskool! Alles is nuut, julle ontmoet so baie nuwe mense en julle gaan herinneringe maak waaroor julle nog lank gaan praat. Moenie heeltyd wens dat julle ouer of in 'n ander graad is nie, want voor julle julle oë uitvee, is julle al klaar besig met die volgende hoofstuk.

And remember, you don't have to be perfect or figure everything out right away. Be yourself, be kind to others, and don't be afraid to step out of your comfort zone from time to time. The best memories often come from the very things you were most afraid of at first! I hope you enjoy every moment of your high school journey and make the most of every opportunity that comes your way.

You have so much to look forward to, and I hope you absolutely love being an Uiltjie!

Baie liefde

'n Nuwe begin, nuwe vriende, nuwe drome
Welkom uiltjies van 2027

Vandag stap jy as die jongste in die skool in, maar moenie dat dit jou afskrik nie. Elke Daller het eers as 'n Uiltjie begin!

Ons is opgewonde om hierdie jaar saam met jou te begin en kan nie wag om te sien waarheen dit jou neem nie.

I know it can be a bit nerve-wracking starting at a new school: new faces, new teachers, hallways you don't know yet - but putting all of this aside, I promise you that high school can be the best time of your live. We are here to support you and to help you grow into the best version of yourself.

As hoofseun is dit my werk om 'n oog oor julle te hou en seker te maak dat elke Uiltjie welkom en veilig voel. Ek was ook eens in julle skoene en weet hoe oorweldigend dit kan voel. As jy verdwaal, iets nie verstaan nie, of net iemand nodig het om mee te gesels, kom soek my gerus.

If I can give you a few tips, it would be the following:

- Take part in everything you possibly can and be involved
- Remember: your attitude determines your altitude
- Always be positive!

(maar die belangrikste wenk is: "*My hond het my huiswerk geëet*" werk net een keer. Daarna ken al die onderwysers jou hond by die naam)

Onthou, Hoërskool Ben Viljoen is nie net 'n plek vir klasse en toetse nie. Dit is waar jy groei, vriende maak en herinneringe skep wat jy jou lewe lank sal onthou.

Ons kan nie wag om te sien wat julle alles oor die volgende vyf jaar gaan bereik nie. Wees trots Ben Viljoen, dra jou wapen met trots en geniet hierdie nuwe hoofstuk in jou lewe. Laat elke oomblik tel.

Groete
Marnu Hancke

BRIEFIEBLAD

Baie welkom by Hoërskool Ben Viljoen!

Julle staan aan die begin van 'n opwindende nuwe hoofstuk in julle lewens. Ek weet dat julle dalk sommer baie opgewonde is, maar dat die senuwees ook bietjie kan knaag. Julle laat die bekende laerskoolwêreld agter en begin 'n splinternuwe avontuur vol nuwe onderwysers, nuwe vriende, nuwe uitdagings en hope geleenthede. Moenie bekommerd wees nie – elke groot avontuur begin met daardie eerste tree!

My naam is Suné Lessing, en ek is baie opgewonde en bevoorreg om julle voog te wees. Ek glo dat spanwerk, deursettingsvermoë en 'n positiewe gesindheid jou vêr kan bring. Onthou, 'n goeie span staan nie net saam wanneer dit goed gaan nie, maar ondersteun mekaar ook wanneer dinge moeilik raak.

<u>Wat kan julle van my as julle voog verwag?</u>

- **Iemand wat julle sal aanmoedig, ondersteun en motiveer om altyd julle beste te gee.**
- **Iemand by wie julle met julle vrae en bekommernisse kan aanklop – geen vraag is te klein of onbelangrik nie!**
- **Hulp en leiding terwyl julle julle voete vind en by die hoërskoollewe aanpas.**
- **Aanmoediging om nuwe vriende te maak, nuwe dinge te probeer en soms 'n bietjie buite julle gemaksone te beweeg.**
- **'n Jaar vol nuwe ervarings, uitdagings, lekker lag en kosbare herinneringe!**

Julle Graad 8-jaar gaan beslis 'n avontuur wees! Maak julle gereed vir harde werk, nuwe verantwoordelikhede, goeie skoolgees en natuurlik BAIE PRET! Daar sal dae wees wanneer julle ekstra hard gaan moet werk en sal moet vasbyt, maar daar wag ook hope pret, opwindende aktiwiteite, spanwerk en geleenthede om julle talente te ontdek en te ontwikkel.

By Hoërskool Ben Viljoen leer ons dat sukses nie net gaan oor wat jy bereik nie, maar ook oor hoe jy ander behandel en hoeveel jy bereid is om in te sit. Ons werk hard, ondersteun mekaar en dra ons Dallergees met trots. Ek wil hê julle moet elke geleentheid aangryp, nuwe uitdagings met moed aanpak en die beste maak van elke oomblik van julle hoërskoolloopbaan.
Ek gaan julle aanmoedig om respek vir mekaar te hê, verantwoordelikheid vir julle keuses te aanvaar, positief te bly en altyd julle beste te probeer. Moenie bang wees om foute te maak nie – dit is deel van leer en groei.

Welkom by Ben Viljoen – hier begin julle volgende groot avontuur!

Liewe nuwe Uiltjies

Baie welkom by ons skool en by die Daller-familie! We're so excited to have you here.

'n Nuwe skool kan soms 'n bietjie vreemd of oorweldigend voel, maar moenie bekommerd wees nie - you don't have to figure everything out on your own.

Ek is Marli, een van die Graad 8-voogde. My rol is om jou te help aanpas en jou te ondersteun waar ek kan. If you have a question, need help, feel unsure or just need someone to talk to - you can always come to me. Ons is hier om jou go-to mens te wees!

Jy kan uitsien na nuwe vriende en onvergeetlike herinneringe. There may be a few challenges along the way, but there will also be lots of chances to grow, learn and find your place in the school.

Be yourself, try new things and don't be afraid to ask for help.

Ons sien uit daarna om jou beter te leer ken en saam met jou 'n wonderlike jaar te hê. We are glad that you are here!

Groete,
Marli Muller

BRIEFIEBLAD

Liewe Graad 8's van 2027

Baie welkom by julle nuwe avontuur!

My naam is Jaydéne Cloete en ek is julle onderhoofdogter vir 2027.
Ek is ook die Magrietjie by Huis Cherié Dogterskoshuis, so julle sal my op verskeie plekke raakloop.

Ek is een van julle graad 8-voogde en iemand na wie toe jy kan kom vir raad, as jy met iets sukkel, onseker is oor iets of net 'n slegte dag gehad het -ek sal jou altyd help waar ek kan.

Graad 8 gaan 'n jaar vol nuwe ervarings, uitdagings en mooi herinneringe wees. Dit gaan nie altyd maklik wees nie, maar onthou dat julle nie alles alleen hoef aan te pak nie. Moenie bang wees om vrae te vra, hulp te soek of net julleself te wees nie.

Ek sien baie uit om julle almal te leer ken en hierdie nuwe hoofstuk saam met julle te begin.

Mag julle Graad 8-jaar gevul wees met mooi herinneringe, nuwe vriendskappe en baie pret!

Dear New Uiltjie

Welcome to Hoërskool Ben Viljoen! We are so excited to have you join our school family and begin this new chapter of your life. Starting Grade 8 can feel exciting, scary, and a little overwhelming, but don't worry — you are not alone!

My name is Betty Magaela, I am part of the EC members and I will be one of your Grade 8 guardians. My role is to guide, support, and help you throughout your high school journey.

My advice to you is to always be yourself, respect others, and never be afraid to ask questions. High school is about more than just academics; it is also about making friends, discovering your talents, trying new things, and growing as a person.

Hoërskool Ben Viljoen has so much to offer from the big highlights in the beginning of the year such as the Bosveld Interhigh for athletics and the spirit week before this event. It offers culture week as well, where people showcase their talents in many different ways from acting to dancing to singing and many more. There is so much to look forward to in high school and many ways for one to find themselves and let's not forget the sport activities which help you build bonds you never expected!!

Remember, you are never alone, and we're here to make your journey a little easier. Enjoy every moment and make your Grade 8 year unforgettable and filled with many memories!!

SPORT

Hoewel Ben Viljoen 'n mediumgrootte skool is, bied ons die omvang van sportsoorte aan wat by groot skole gevind kan word. 'n Groter persentasie van ons leerlinge kry blootstelling op eerste span vlak. Die afrigting word deur ons onderwysers gedoen waarvan baie self provinsiale kleure het en/of provinsiale afrigting gedoen het.
Ons beskik oor drie rugbyvelde, drie hokkievelde, 'n astrohokkieveld, agt weervaste netbalbane, 'n krieketveld met oefennette, 'n stadion met plek vir 5000 toeskouers, swembad, prysskietlokaal, ses tennisbane sowel as Loskop Gimnasium op ons terrein.

SPORTSOORTE

- Atletiek
- Dogtershokkie
- Dogterskrieket
- Gholf
- Landloop
- Netbal
- Prysskiet
- Ruiterkuns
- Rugby 15-man
- Seunshokkie
- Seunskrieket
- Sewesrugby
- Skaak
- Sokker
- Tennis
- Varswateroewerhengel

ATLETIEK:

Gedurende 2026 behaal ons atlete uitstekende prestasies en het die skool se naam met trots op verskeie atletiekbane hoog gehou. Tydens die Noordheuwel Top 15-byeenkoms het ons 'n besonderse algehele 14de plek uit 80 skole behaal.

Marnu Hancke was een van die groot sterre van die seisoen. Hy is aangewys as die Sonop Interhoër se Beste Seuns-Worpeatleet én Senior Victor Ludorum. Tydens die Bosveld Interhoër het hy verdere erkenning ontvang as Veldatleet en Atleet van die Dag, terwyl ons 'n algehele derde plek behaal het.

Op nasionale vlak het Omphile Tshikane aan die SASA Suid-Afrikaanse Atletiekkampioenskappe deelgeneem, terwyl Jaco van der Westhuyzen, Marnu Hancke en Omphile Tshikane Hoërskool Ben Viljoen by die ASA Suid-Afrikaanse Kampioenskappe verteenwoordig het. Marnu het hier 'n goue medalje in die o.18-diskusitem verower. Jaco en Marnu is ook in die Limpopospan vir die ASA Senior Suid-Afrikaanse Kampioenskappe ingesluit.

As kroon op 'n besonderse suksesvolle seisoen is Marnu in die Suid-Afrikaanse o.18-atletiekspan opgeneem vir deelname aan die AUSC Region 5 Games wat in Mosambiek plaasvind.

SPORT

DOGTERSHOKKIE:

Ons hokkiedogters het gedurende 2026 'n uitstekende seisoen beleef! Ons o.15- en Eerste spanne is as wenners van die NWU-16 Skolesportreeks gekroon, en ons spanne het ook die algehele eerste plek in die reeks behaal.

Op provinsiale vlak het ons spanne eweneens hul staal gewys. Die o.14-span eindig derde in Limpopo en behaal 'n tiende plek tydens die Noordvaal Grootskole-B-kampioenskappe. Die Tweedespan eindig vierde in Limpopo, terwyl die Eerstespan derde in Limpopo en sesde by die Noordvaal Grootskole-B-kampioenskappe eindig.

Vanjaar word sewentien van ons hokkiedogters in die onderskeie Limpopospanne ingesluit.

DOGTERSKRIEKET:

Vanaf 2021 is dogterskrieket weer as sportsoort by Hoërskool Ben Viljoen ingestel en vind jaarliks tydens die derde kwartaal plaas.

'n Opwindende krieketkultuur, gevestig in sterk waardes, dissipline en krieket-etiket word gehandhaaf.

Ons het tans een dogterskrieketspan wat bestaan uit junior- en senior spelers wat onberispelike sportmansgees deel.

Ons streef daarna dat elke speler die sport ten volle moet geniet en om die volle ontwikkeling van elke speler se vaardighede te verseker.

GHOLF:

Ons gholfspelers het gedurende 2026 verskeie goeie prestasies behaal.

Ons A-span eindig in die vyfde plek tydens die Bosveld Interhoër, waar slegs nege putjies weens weersomstandighede gespeel kon word. Die span behaal ook 'n uitstekende derde plek tydens die NWU-16 Skolesportreeks.

Joe Ras lewer 'n besonderse prestasie deur die Bushveld Classic-kompetisie by Marble Hall Gholflandgoed vir die tweede agtereenvolgende jaar te wen.

Tydens die Limpopofinaal eindig ons B- en C-spanne albei in die vierde plek.

LANDLOOP:

Gedurende 2026 het ons landloopatlete, Omphile Tshikane, Shiniska du Plessis en Zerelda Taljaardt, die geleentheid gehad het om aan die Suid-Afrikaanse Landloop-kampioenskappe deel te neem. Hul deelname op nasionale vlak is 'n besonderse prestasie en getuig van hul harde werk en deursettingsvermoë.

Omphile Tshikane behaal verdere sukses deur in die LIMA-span opgeneem te word, wat 'n tweede plek tydens die Suid-Afrikaanse 10 km-padwedloopkampioenskappe verower het.

SPORT

NETBAL:

Ons netbalspanne het gedurende 2026 verskeie uitstekende prestasies behaal.

Tydens die NWU-16 Skolesportreeks eindig ons netbalspanne algeheel vierde, met beide die o.14- en o.15-spanne wat 'n derde plek behaal.

By die Basonani-toernooi, aangebied deur HTS Middelburg, word ons o.14-span as kampioene gekroon, terwyl die o.15-span as naaswenners eindig. Ons o.16-span behaal ook 'n verdienstelike derde plek.

Charlize Kruger ontvang verdere erkenning deur as nie-reisende reserwe vir die o.16-Mpumalanga-span gekies te word.

Tydens die Nkangala-streeksuitspele eindig ons o.14-span derde en die o.15-span vierde. By die Mpumalanga-kampioenskappe behaal die o.14-span 'n algehele agtste plek, terwyl die o.15-span negende eindig.

RUITERKUNS:

Ons ruiterkunsleerders het gedurende 2026 uitsonderlike prestasies behaal. Elrie Enslin en Denise van der Walt neem aan die Suid-Afrikaanse Western Mounted Games-kampioenskappe deel, waar Elrie 'n uitstekende algehele derde plek in haar afdeling verwerf.

Nog 'n hoogtepunt is dat Leeyah Rahim Bhikoo ingesluit word in die SANESA Limpopo-span, 'n besonderse erkenning van haar talent en harde werk.

PRYSSKIET:

Ná afloop van die Top 80 SANSSU-proewe word Ané Pretorius ingesluit in die SANSSU BJI-span wat na Bisley in Engeland toer. Sy verwerf hiermee ook haar Proteakleure, 'n besonderse hoogtepunt in haar skietloopbaan.

Vyf van ons skuts, naamlik Tiago Fernandes, Lizemari Erasmus, Ané Pretorius, Chrismari Erasmus en Caylin Sadie, neem aan die Mpumalanga-finaal deel. Tiago Fernandes, Caylin Sadie en Ané Pretorius word daarna in die Mpumalanga-span ingesluit wat aan die Suid-Afrikaanse Kampioenskappe deelneem.

Tydens die Suid-Afrikaanse Kampioenskappe lewer Ané verdere puik prestasies as lid van die o.21-Mpumalanga-sporterklasspan. Die span verwerf silwermedaljes in sowel die Wen Provinsie-afdeling as die Algehele Wen Provinsie-afdeling.

RUGBY 15-MAN:

Die vyftienman-rugbyspanne het gedurende 2026 'n ongelooflike seisoen beleef. Tydens die NWU-16 Skolesportreeks eindig ons rugbyspanne algeheel derde uit die 16 deelnemende skole.

Op provinsiale vlak behaal ons o.14A- en o.14B-spanne Limpopokampioenskapstitels, terwyl ons o.16-span as Limpoponaaswenner eindig. Ons o.14A-span kroon hul seisoen verder deur die Virseker Noordvaal Cup Afdeling 2 te wen.

Tien van ons rugbyspelers word vir onderskeie provinsiale rugbyweke gekies.

As verdere erkenning van hul talent word drie spelers ook na die Elite Spelersontwikkelingkamp genooi.

SPORT

SEUNSHOKKIE:

Ons Eerstespan word vir die tweede agtereenvolgende jaar as Limpopokampioene gekroon, terwyl ons o.16-span as Limpoponaaswenners eindig.

Ons spelers ontvang ook individuele erkenning vir hul vermoë. Leisure Matsepe word ingesluit in die o.14 IPT-span, met Xiahn Swart as nie-reisende reserwe. Jurihan Swart word op sy beurt in die o.16B-streekspan opgeneem, terwyl Rapudi Mpetle vir die o.18B-span uitdraf.

SEWESRUGBY:

Ons sewesrugbyspanne het gedurende 2026 gewys dat hulle met talent, deursettingsvermoë en spanwerk op die rugbyveld kan presteer.

Tydens die Forge Sewestoernooi by Hoërskool Ellisras behaal ons o.17-span 'n uitstekende derde plek, terwyl die o.15-span sewende eindig. By die Buco Makhonjwa-toernooi, aangebied deur Hoërskool Barberton, word ons o.17A-span as Bekerwenners gekroon en ons o.17B-span as Skildwenners aangewys. Die o.15-span eindig as naaswenners van die Plaatafdeling.

Tydens die Ysterbergsewestoernooi by Hoërskool Frikkie Meyer behaal beide ons o.15- en o.17-spanne 'n algehele tweede plek, wat hul konsekwente spel deur die seisoen beklemtoon.

Nog 'n hoogtepunt is dat Liliana Janse van Rensburg ingesluit word in die Universiteit van Pretoria se o.16-dogterssewesrugbyspan.

SEUNSKRIEKET:

Ons seunskrieket het oor die afgelope twee seisoene uitstekende prestasies behaal. In 2025 is ons eerste span as Limpopokampioene gekroon, terwyl ons o.15-span gedurende 2026 voortgebou het op hierdie sukses deur as Limpopo-naaswenners te eindig.

Verdere erkenning vir ons kriekettalent kom Lohan Barnard toe wat in vier verskillende krieketspanne opgeneem word: die o.15 Eagles-span vir die MPL-reeks, die o.15 Cavalier Cats-span vir die LPL-reeks, die o.15 Vikings-span vir die Pretoria Elite-liga, en die o.15 Bloem Hornets vir die Vrystaat Premier Liga (FPL).

SKAAK:

Ons skaakspelers het gedurende 2025 en 2026 hul strategiese denke en skaakvaardighede op die proef gestel en verskeie goeie prestasies behaal.

In 2025 eindig ons skaakspan algeheel agtste tydens die NWU Skolesportreeks, waar Thato Mathabatha en Thato Mphahlele as bordwenners gekroon word. Tydens die Bosveld Interhoër eindig die span algeheel sesde. Tshepang Matsepe en Thato Mphahlele word as bordwenners gekroon, terwyl Thato Mathabatha 'n derde plek op sy bord verwerf.

Gedurende 2026 eindig ons span weer algeheel agtste tydens die NWU Skolesportreeks, met Jadin Klopper wat as bordwenner aangewys word.

SPORT

SWEM:

Ons swemmers het gedurende 2025 en 2026 uitstekende prestasies behaal en die skool se naam met trots op provinsiale en nasionale vlak verteenwoordig.

In 2025 word Mari-Zanne Nortjé, Simoné Theron, Odette Upton en Mighael Alberts in die Limpopo-swemspan ingesluit, met Mighael wat ook as spankaptein aangewys word. Hy behaal verder 'n goue en twee silwermedaljes tydens die Suid-Afrikaanse Swemkampioenskappe. Mighael Alberts, Simoné Theron en Altus Venter word ook gekies om Limpopo tydens 'n interprovinsiale swemgala te verteenwoordig. Ons swemspanne eindig tweede tydens sowel die Interhoër as die Top Skole-swemgala.

Gedurende 2026 neem Odette Upton, Altus Venter en Mari-Zanne Nortjé aan die Limpopo Skole-swemkampioenskappe deel, waar Odette as Senior Victrix Ludorum aangewys word.

VARSWATEROEWERHENGEL:

Die varswateroewerhengelaars het gedurende 2026 hul staal gewys met die uitbreiding van ons hengelprogram na twee seunshengelspanne en 'n dameshengelspan. Hierdie groei weerspieël die leerders se passie vir die sport en hul entoesiasme om hul vaardighede verder te ontwikkel.

Jenna Berry behaal 'n besonderse prestasie deur as Victrix Ludorum van die eerste ligabyeenkoms gekroon te word.

Tydens die Champ of Champs-kampioenskappe eindig die Ben Vissers-seunshengelspan in die dertiende plek, terwyl die Dallers-dogtershengelspan 'n sewende plek behaal.

Ons hengelaars ontvang ook provinsiale erkenning: Marthinus Dreyer word ingesluit in die o.19B-Limpopo-span wat aan die Suid-Afrikaanse Kampioenskappe gaan deelneem, met Liam Hancke as reserwe in dieselfde span.

TENNIS:

Ons tennisspelers het oor die afgelope dekade bewys dat talent, deursettingsvermoë en spanwerk die grondslag van sukses vorm. Ons spelers het verskeie provinsiale titels ingepalm en die skool se naam met trots op die tennisbaan verteenwoordig.

In 2016 word ons senior dogterspan as Limpopokampioene gekroon. Die sukses duur voort in 2017, toe sowel ons senior dogter- as seunspanne Limpopokampioene word. In 2018 en 2019 behaal ons senior seunspan telkens 'n tweede plek tydens die Limpopo-kampioenskappe.

Ná die Covid-19 pandemie keer ons dogterspan sterk terug deur in 2022 en 2023 as Limpoponaaswenners te eindig. In 2024 bereik die span weer die kruin en word Limpopokampioene!

Gedurende 2025 word ons dogterspan as Waterbergwenners gekroon, terwyl die seunspan Waterberg-naaswenners eindig. Die dogters behaal ook 'n tweede plek tydens die Limpopo-kampioenskappe. In 2026 behou hulle hul Waterberg-titel en eindig vierde in Limpopo.

KULTUUR

Ons bied 'n wye verskeidenheid kultuurtipes aan vir diegene wat verkies om hulle kreatiewe kant ten toon te stel. Ons doelwit is om 'n perfekte balans te skep tussen sport en kultuur om sodoende die leerders die geleentheid te gee om tot die beste van hulle vermoë hulle passie na te streef.

KULTUURAKTIWITEITE

- ATKV Jeugtak
- Ben se Pen
- Digitoneel
- Fotografie
- Graad 8-konsert
- Kultuurfees
- Mnr & Mej Ben Viljoen
- Redenaars (Afrikaans & Engels)
- Revue
- Tienertoneel

ATKV JEUGTAK:

Ons ATKV-Jeugtak glo daarin om nie net mooi woorde te spreek nie, maar betekenisvolle dade uit te leef.

Die jeugtak bestaan uit 'n groep vrywillige leerders wat 'n liefde vir kultuur en taal deel en graag 'n positiewe bydrae tot die samelewing wil lewer. Deur 'n jaarlikse program vol projekte en gemeenskapsinisiatiewe gee hulle praktiese uiting aan hul waardes en help hulle om 'n verskil in ander se lewens te maak. Selfs te midde van 'n besige skoolprogram maak hierdie leerders tyd om uit te reik, betrokke te raak en hul gemeenskap op te hef.

BEN SE PEN:

Die skoolkoerant staan bekend as die Ben se Pen en bestaan uit leerders wat in hulle vrye tyd artikels skryf en foto's en inligting versamel om aan die res van die skool die gebeure te kan weergee. Die koerant bevat ook wenke en nuttige inligting.

Die hoofdoel van die Ben se Pen is om leerders se potensiaal te ontwikkel en om hulle toe te rus vir die toekoms van professionele spelling en sperdatums, sowel as om hulle betrokke te hou by die kultuuraspek van die skoolervaring.

DIGITONEEL:

Ons Digitoneel-leerders het hul kreatiwiteit en talent vanjaar ten toon gestel en verskeie toekennings by gesogte toneelkompetisies verwerf.

Tydens die ATKV se DigiToneel behaal KJ Briel 'n silwer toekenning vir sy spel en 'n brons toekenning vir redigering. Lehani Benade ontvang 'n brons toekenning vir haar spel, terwyl Kiara du Toit met 'n brons toekenning vir haar regiewerk bekroon word.

KJ Briel lewer ook puik prestasies tydens die Allegretto Toneelfees, waar hy brons toekennings vir regie, spel en kinematografie verwerf. Hy ontvang verder 'n brons toekenning tydens Aardklop PronkDigitaal.

KULTUUR

FOTOGRAFIE:

Die fotografieklub van Hoërskool Ben Viljoen het in 2012 ontstaan uit die visie van die skool se bemarker en het sedertdien van krag tot krag gegaan. Die klub groei jaarliks in ledetal en bied aan leerders die geleentheid om hul kreatiwiteit te ontwikkel, nuwe vaardighede aan te leer en hul passie vir fotografie uit te leef.

Ons fotograwe se werk speel 'n belangrike rol in die vaslegging van die skool se geskiedenis. Foto's word gereeld op die skool se sosiale media-platforms gedeel en in koerantberigte gebruik. Die klub neem ook deel aan die skool se Kultuurfees, wat elke tweede jaar plaasvind.

Tydens die jaarlikse prysuitdeling in Oktober word die Fotograaf van die Jaar aangewys. Hierdie toekenning erken die leerder wat die aktiefste by die fotografieklub betrokke was.

In 2025 behaal Tiago Fernandes 'n algehele derde plek tydens die ATKV Aksie en Woordvreugde-tak se fotografiewedstryd, waarna hy gedurende 2026 as algehele wenner in twee kategorieë gekroon word.

KULTUURFEES:

Elke tweede jaar word Hoërskool Ben Viljoen se Kultuurfees aangebied, wat afwisseling bied van die tradisionele jaarlikse revue. Hierdie fees skep 'n platform waar leerders hul kreatiwiteit, talent en passie kan uitleef deur aan 'n wye verskeidenheid kulturele items deel te neem.

REDENAARS:

Ons redenaars het gedurende 2025 en 2026 gewys dat goeie voorbereiding, selfvertroue en die vermoë om 'n boodskap met oortuiging oor te dra, tot uitstekende prestasies kan lei.

In 2025 dring Tebogo Mathunyane deur na die ATKV-Redenaarsfinaal in die Graad 8 en 9 Afrikaans Addisionele Taal-voorbereide afdeling. Nomthandazo Mabuza dring deur na die finaal in die Graad 10–12 Afrikaans Addisionele Taal-onvoorbereide afdeling en behaal 'n negende plek op nasionale vlak.

Gedurende 2026 lewer ons redenaars weer puik prestasies. Aneena Mathew behaal 'n tiende plek tydens die ATKV-Redenaarsfinaal in die Graad 8 en 9 Afrikaans Eerste Addisionele Taal-voorbereide afdeling. Tydens die Interhoër behaal Jaco van der Westhuyzen en Chenél Grundling elk 'n derde plek, terwyl ons juniorsprekers 'n algehele tweede plek verwerf.

TIENERTONEEL:

Ons tienertoneelgroep het gedurende 2025 hul talent en passie vir die verhoog ten toon gestel en met verskeie toekennings weggestap.

Tydens die Interhoër word ons tienertoneelgroep as naaswenners aangewys, terwyl Chenél Grundling die titel van Beste Aktrise verwerf.

Ons leerders blink ook agter die skerms uit. Tydens die ATKV Tienertoneel se Gauteng Streeksfees 1 word Maggie French as Beste Verhoogbestuurder van die Week aangewys. Lily Steyn ontvang op haar beurt die toekenning vir Beste Grimeerkunstenaar/-ontwerper van die Week tydens die semi-finaal van die eerste week van die FAK Allegretto Toneelfees.

FINANSIES

SKOOLFOOIE

R 39 050 per jaar of R 3 550 per leerling per maand vanaf Januarie tot November (11 maande).

- Skoolgeld is maandeliks voor die 7de betaalbaar.
- GEEN afslag word toegestaan vir skoolgeldbetalings vir die jaar vooruit nie.
- **R950 VERPLIGTE eenmalige addisionele handboekfooi** wat vakfondse insluit is betaalbaar voor/op 14 Januarie 2026. Sodra betaling hiervoor ontvang word, word 'n registrasiekaartjie uitgereik.
- **GEEN HANDBOEKE SAL SONDER 'N REGISTRASIEKAARTJIE UITGEGEE WORD NIE.**
- 'n Aanvangspakket vir skrifte word deur die skool voorsien – slegs aanvullende skrifte soos benodig, word deur ouers self voorsien. Skryfbehoeftes word deur ouers self voorsien.
- Handboeke bly die eiendom van die skool en werksboeke bly eiendom van die leerder. Vervangingswaarde van verlore handboeke beloop R300 per handboek.

KOSHUISFOOIE

R40 535 per jaar of R 3 685 per leerling per maand vanaf Januarie tot November (11 maande).

Koshuisgeld is vooruit betaalbaar. Geen leerling sal in die koshuis toegelaat word indien die volle bedrag van Januarie nie betaal is nie.

Yskas: Eie klein yskas mag voorsien word - R750 per jaar.

NB!

Let asseblief daarop dat die skoolfonds en koshuisgelde verskillende verwysingsnommers het, kontak asb. ons finansiële kantoor. Indien u een totale bedrag inbetaal, spesifiseer asseblief die bedrae duidelik.

BANKBESONDERHEDE

FNB Tjekrekening

Rekeningnommer:

6265 554 4239

Tak:

Groblersdal

Takkode:

260147

KONTAKPERSONE

Finansies:

Me Jackie Wagener:
bvfinansies@benviljoen.co.za

Invorderings:

Me Natasha van der Walt:
collections@benviljoen.co.za

ALGEMENE KONTAKBESONDERHEDE



KONTAKPERSONE

Skoolkantoor:
013 262 2061

Finansies:
Me Jackie Wagener:
bvfinansies@benviljoen.co.za


Me Natasha van der Walt:
collections@benviljoen.co.za

Administratiewe Sake:
Me Mellemie Wessels:
bvadmin@benviljoen.co.za

Me Nicolene Kotze:
admin@benviljoen.co.za

Sosiale Media/Bemarking:
Me Jean-Marie Heyns
bvbemarking@benviljoen.co.za

TERREINPLAN



Grondvloer / Ground Floor

TERREINPLAN



Eerste Vloer/ First Floor

BELANGRIKE DATUMS

11 JANUARIE	KOSHUISLEERDERS INTREKDAG
12 JANUARIE	GRAAD 8 VERWELKOMING
13 JANUARIE	SKOOL OPEN VIR LEERDERS
15 JANUARIE	INTERHUIS SWEMGALA
15 - 16 JANUARIE	GRAAD 8-KAMP
16 JANUARIE	SONOPKOMSDIENS @ RUGBY A-VELD
22 JANUARIE	INTERHUIS ATLETIEKBYEENKOMS
15 FEBRUARIE	GRAAD 8 KONSERT KLEEDREPETISIE
16 FEBRUARIE	GRAAD 8-KONSERT
18 FEBRUARIE	GRAAD 8-KONSERT EN KLOKLUISEREMONIE
27 FEBRUARIE	BOSVELD INTERHOËR @ HS WARMBAD
2 MAART	NWU REEKS VS HTS WITBANK (TUIS)
6 MAART	NWU REEKS VS PRETORIA NOORD (WEG)
10 MAART	INTERHOËR SWEMGALA
13 MAART	NWU REEKS VS RIEBEECKRAND (TUIS)
19 MAART	SKOOL SLUIT

